

9 Maart

Skrifgedeelte: 2 Samuel 7:1-14

Fokusgedeelte: 2 Samuel 17:23

Wraak of vergiffenis te midde van die kwaad?

Agitofel, een van Dawid se briljantste raadgewers, was 'n diep gegriefde mens. Agitofel het 'n seun gehad met die naam Eliam (2 Sam 23:34), en Eliam was weer die vader van die beeldskone Batseba (2 Sam 11:4). Dawid se owerspel met Batseba en die moord op haar man Uria het hierdie mooi vriendskap egter finaal vernietig. Agitofel wou nie meer aan die koning se tafel eet nie, en het 'n vlammende haat teenoor Dawid gekoester. Intussen het die Here deur sy profeet Natan die oordeel oor Dawid se sonde aangekondig. Absalom se opstand teen sy vader Dawid was 'n straf van die Here oor Dawid en sy huis. Agitofel het hom dadelik aan Absalom se kant geskaar en hom met dodelike advies bedien wat Dawid se ondergang sou beteken. Absalom het egter verkies om eerder Gusai se raad te volg. Toe Agitofel sien sy raad word verydel, bring hy eers sy eie sake in orde, en hang homself daarna op. Agitofel het eintlik hoogverraad teenoor Dawid gepleeg. Daarom is ons geneig om eerder simpatie met Dawid te hê. Maar was dit nie juis Dawid se sonde met Batseba wat Agitofel, haar oupa, uiteindelik na selfmoord toe gedryf het nie? Beide Dawid en Agitofel het sonde gedoen. Die verskil is: Dawid het berou gehad oor sy sonde, en sy sonde bely (Ps 32:5). Agitofel nie. Hy het sy hart verhard. Hy wou self die wraakengel oor Dawid wees. God se straf oor Dawid se sonde was nie vir hom genoeg nie. Agitofel wou kwaad met kwaad vergeld. Dit het uiteindelik in selfmoord geëindig.

Dikwels wil ons ook wraak neem as ons veronreg word. Moet ons nie eerder vir hulle wat ons kwaad aandoen bid en aan die troon van die HERE opdra nie? God het nie in die gestalte van 'n wraakengel na ons toe gekom het nie, maar in die gestalte van sy Seun Jesus Christus, onse Here. Christus wat nie weerwraak geneem het toe Hy geslaan, bespot en mishandel is nie, maar eerder vir sy teenstanders gebid het: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie (Lukas 23:34). Durf ons minder doen?

Sing: Psalm 130:2 (Totius)

Ds MP Harris (Witbank-Suidoos)